

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 4 No 6, Junie 2022



Wysheid of Grysheid

Vandag wil ek stilstaan by 'n onderwerp wat ek al aangeraak het. Ek wil egter weer iets daarvoor sê. Ek het al voorheen genoem dat ek, in my vorige lewe, 'n Adjunk Direkteur-generaal gehad wat ons gereeld op kursusse gestuur het, en meeste van die kursusse was nie werkgeoriënteerd nie, maar om ons as mense te verbeter. Dit was juis op een van die kursusse wat die volgende storie met ons gedeel was:



'n Jong meisie het eendag na die wyse ou vrou in hulle kraal gestap om haar raad te vra. Na 'n rukkie vra die vrou vir die meisie: "Kindjie waarmee kan ek jou vandag help?" Die meisie het haar kop in skaamte laat sak en gesê: "Ek was vreeslik lelik met my vriendin. Ek het die lelikste goed vir haar gesê, want ek was kwaad vir haar. Wat kan ek doen om dit reg te maak? Sy wil nie met my praat nie." Die ou Wyse het vir 'n oomblik gedink en vir haar gesê: "Hoeveel hutte is daar in ons kraal?" Die meisie was ietwat verbaas en het vraend geantwoord: "Omtrent vyftig?". "Gaan tel vir my 50 tarentaalvere op". Die meisie se verbasing was nou baie groot. "Is dit al wat ek moet doen om haar vergifnis te kry?" Die wyse ou vrou het geglimlag: "Nee, wanneer jy al die vere het, bring dit vir my, ek sal jou dan later weer laat kom". So gesê so gedaan. Die meisie het gewag vir die wyse ou vrou om vir haar 'n boodskap te stuur om na haar hut toe te kom. Twee weke later het die ou Wyse haar laat roep. "Vat nou hierdie vere en gaan sit een veer by elke hut neer. Al die vere wat oorbly moet jy by jou vriendin se hut gaan sit. Kom dan môre-oggend na my toe". Die jong meisie was heeltemal stomgeslaan en het nie verstaan wat die ou Wyse wou doen nie. Miskien het sy haar versoek verkeerd verstaan. "Gogo", begin sy, maar die ou vrou het haar hand in die lug gehou om te wys sy moenie verder praat nie. Die jong meisie het die vere by die hutte neergesit en na haar hut toe terug gestap. Laatmiddag pak die donker wolke saam en daardie nag is daar 'n verwoede donderstorm. Vroeg die volgende oggend stap die meisie na die ou Wyse se hut. Sy wou net gaan sit toe die vrou haar stop. "Voor jy gaan sit, gaan tel gou al die vere wat jy gister by die hutte gaan neersit het op, en bring hulle vir my". Die jong meisie was verslae, is die Gogo nou besig om dit te verloor?, het sy gewonder. Sy het bly staan en vraend na die ou Wyse gekyk. "Wat is fout?" vra die ou vrou vir haar. "Daar was gisternag 'n vreeslike storm en wind, nie een van die vere sal meer daar wees waar ek dit neergesit het nie", antwoord sy. Die ou vrou het vir haar gewys om te sit. "My kind, soos die tarentaalvere deur die wind weggewaai het, en jy hulle nooit weer gaan kry nie, so is mens se woorde wanneer dit uit jou mond kom. Dit is vir ewig uit jou mond, dis weg. Maak nie saak wat jy sê of doen nie, jy kan dit nie terugtrek nie. Jy kan om verskoning vra, maar daardie woorde is altyd daar buite. Gaan vra jou vriendin om verskoning. Hopelik sal sy jou vergewe, maar belowe my jy sal altyd, nie net twee maal nie, maar 'n hele paar maal dink voor jy weer iets sê wat iemand kan seer maak".

Ons het elkeen daardie dag 'n tarentaalveer gekry om ons aan die storie te herinner. Myne is teen my yskas met 'n magneet vasgesit. Indien jy dalk 'n paar tarentaalvere in die hande kan kry, deel dit uit vir jou bure en jou vriende.


Komma, of 'n Punt.

Ria

Reënval



Mei 2022
Totaal 16 mm 2 Reëndae.



9'e sterre neem deel in Sterreilig!!!
Dankie vir al die artikels wat reeds ontvang is.
Artikels word geplaas soos wat spasie beskikbaar is.

Enige bydraes vir Sterreilig kan ge-e-pos word aan:
sterreilig9ster@gmail.com



Albert Behrens



Boererate

"Don't try this at home...!"

Vir 'n kind wat nie wil leer loop nie:

Bad die kind in skaapafvalwater.

Vir Kinkhoes:

Witgatmiere op water getrek. Neem elke 2-3 ure lepels vol van die water.

Vir Jig (gout):

Baie pynlik met swelling. Neem 'n waslap. Maak 'n pasta van Maizena. Plaas dit op die pyn gedeelte (bv. toon). Plaas nou bv. die toon met maizena waslap in 'n plastieksakkie en siedaar...in 'n kits is die pyn weg.

Vervolg...



LAG 'N SLAG



Verrassing:

Haar ma: "So..., jy gaan dus my skoonseun word?"

Haar Kêrel: "O...gaats... ek het nooit daaraan gedink nie!"

KLASIE KAT

Klasie was in sy vorige lewe 'n wilde kat. Eers het hy in die hoek van die erf verskyn, en oor maande stelselmatig nader aan die huis beweeg. Nadat ons oor 'n lang afstand kennis gemaak het oor 'n verleidelike bakkie kos, het dit nog drie maande geneem voordat ons aan hom kon raak.



Uiteindelik het hy deel van ons huishouding geword, maar met sy eie reëls. Hy slaap nie in die huis nie, want hy is 'n nagstapper soos 'n "gangster". Hy hou nie van hokkies nie en geen kathotel is vir hom

aanvaarbaar nie. Nodeloos om te sê, jy kan hom nie vervoer nie. Hy is sy eie baas. Tog is hy sjarmant. Hy het ons harte gesteel en ons sorg graag vir hom. (WEG: PLATTELAND; HERFS 2022).

Die omgee-verhaaltjie van 'n hawelose kat laat my dink aan Christelike liefde wat menswees rek tot ver anderkant die grense van beskawing en ordentlikheid. Ja, tot by die lang afstand van iemand se pak vir twee kilometers ver te dra, wanneer hy net een kilometer se vrag vra. Dankie vir almal wat omgee-liefde leef. Dit is lewensverrykend. Dit is om God te ontmoet in die onopsigtelike van elke dag. Die lewe is tog ook 'n teugie lekkerte. Geniet dit. Het u dit al beleef?

Klasie

NJALASTRAAT KUIERS

Die inwoners in Njalastraat het die eerste week van Junie weer lekker gekuier met sop en sjerrie. Daar



is sop gemaak en heerlike broodjies gebak vir die kuier. Ten spyte van die winterkoue, was dit weer tyd vir saamwees, waar daar gelag en gekuier is.

Vroegmiddag van 2 Junie is die tafels gedek in ons cul-de-sac aan die bokant van Njalastraat. Die sjerrie het die ergste koue weggehou.

Daar is geproe en geëet aan 3 soorte soppe en natuurlik, die vars broodjies, wat Erika gebak het, was heerlik saam met die sop. Ons kon kyk vir die

wildsbokke wat in die veld verbyloop. (Die heining van Klein-Kariba is binne sig afstand van waar ons kuier.) Ook die ape het gekyk hoe ons kuier, gelukkig het hul op 'n afstand gebly.

Dit is 'n voorreg om saam met ons straat se mense te kuier, mense wat omgee en uitreik na mekaar.



Nellie



BORG 'N BANKIE

Het jy 'n oulike idee en wil dit graag deel, maar weet nie waar nie? Die Sterreilig is dan net vir jou. 'n Voorbeeld is: Borg 'n bankie. Dié oulike bankies, wat reeds hier op ons landgoed pryk, kan dalk ter nagedagtenis aan iemand of selfs terwyl ons nog hier is, geborg word. Naamplaatjies kan aangebring en die bankies kan op staproetes, in die nuwe gerehabiliteerde dele naby die swembad of waar jy verkies, geplaas word.

Afhangende van die verskaffer is die prys R 1 499.00 of meer. Die Direksielede en Landgoedbestuurder kan die idees bespreek en die wiede aan die rol sit. Deel gerus enige positiewe idees.

Kontak

Des of Dawie



'n Boodskap uit die landgoedkantoor



Dagsê aan al ons Negesterre.

Die winter vou nou behoorlik sy koue vingers om ons en die eerste ryp het ook al geval.

Die brandseisoen het die 1ste Junie in werking getree en ons en Klein-Kariba is tans besig om brandbane uit te lê en heinings, sowel as paaie skoon te sny. Die pad na die watertenks, asook na die kruis, bo-op die koppie, is oopgesny en beveilig.

Ons watersisteem funksioneer baie goed. Ons het ook die pyplyn, vanaf Klein-Kariba, opgegradeer deur nog 'n drukmeter en 'n lugklep te installeer onder by Klein-Kariba se dam. Ons pomp gereeld vanaf Klein-Kariba om seker te maak dat alles daar ook mooi werk.

Ons is tans besig om lantana te bespuit en ook om turksvye, sisal(garingboom) ens. te verwyder, asook ander indringerplante wat opgemerk word. Die staproete wat langs die heining geloop het, is verander, sodat ons ook die veiligheid van ons inwoners kan verseker op ons staproetes. Baie dankie aan die lede van die OBG-span wat ons hiermee bygestaan het. Die staproetes word gereeld skoongemaak en ons inwoners kan gerus daarvan gebruik maak.

Ons is ook besig met die instandhouding van geboue. Die swembadmuur is skoongemaak en geseël. Van die mure by die saal is oorgeverf en daarna verskuif die fokus na die sorgsentrum.

Met die markdag het die weer nie baie lekker saamgespeel nie, maar ten spyte daarvan, was die dag baie geslaagd en die samesyn aangenaam. Baie dankie aan elke persoon vir jou bydrae en die vriendelike atmosfeer wat geheers het.

Weereens 'n groot dankie aan almal hier in Negester wat altyd so vriendelik en behulpsaam is. Dit is werklik 'n riem onder die hart en dit maak dit 'n groot plesier om deel te wees van die Negester gemeenskap.

Groete

Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)



OMGEWINGS-INLIGTINGS-LENTEDAG

Neem kennis van die nuwe, geskeduleerde datum!!



Kom kuier saam op **10 September 2022** en leer 'n bietjie meer oor ons omgewing.

Die OBG (Omgewingsbewaringsgroep) beplan 'n heerlike inligtingsdag en braai saam met 'n boom- of struikplantdag vroeg in die lente.

Die verrigtinge begin om 08:30. Na die opening gaan die OBG bekendgestel word en inwoners ingelig word rakende die groep(OBG) werksaamhede en aktiwiteite. Twee kundige hoofsprekers is reeds uitgenooi. Vir die wat reeds praatjies van **Warwick Tarboton** bygewoon het, sal weet dit is 'n hoogtepunt. Hy gaan met ons gesels oor die Waterberg en voëls- en dierelewe wat hier voorkom. Kortere praatjies oor Negester se wildbestuur, vaalboskatte en ander katte, eekhorings, bloukopkoggelmanders, skurwejantjies, likkewane en ander koulukes, bosvarke, sandolien en ander plantindringers asook plaasvervangers vir die probleemplente en hulle rol in Negester en nog vele meer onderwerpe gaan gedek word.

Daar sal kosstalletjies wees en Negester-groepe is welkom om ons te kontak om 'n stalletjie te reël. Kom handwerkgroep, jukskei, tafeltennis, skopsuile, die fietsryers, ens, neem 'n stalletjie soos byvoorbeeld pannekoek, *muffins*, koffie en beskuit, jaffels, *cupcakes*, worsbroodjies, ens. Individue is ook meer as welkom. Dit is egter slegs vir ons inwoners.

Daar gaan ook uitstallings van inheemse plante in die buiteligarea wees met byvoorbeeld Impalaleries, ander inheemse struik en plante wat aangeplant kan word, asook vetplantjies en tuin-idees. Hier word inwoners ook genooi om 'n stalletjie te neem.

Ons sluit die dag af met 'n heerlike saambraai waarvan die hout, pap en sous reeds geborg is.

Vir meer inligting kontak gerus enige lid van die OBG of vir Des (0718773204) of Hannes (0825745916)

STERRELIG SE NEGESTER WINTERTUINKOMPETISIE



Inwoners in Negester se tuine is altyd netjies en goed versorg. Baie moeite word gedoen met die tuine om ons dorp mooi te laat lyk. Daarom word inwoners uitgenooi om in te skryf vir **Negester se Wintertuinkompetisie**.

Inskrywings beloop **R50 per inskrywing**. Daar is goeie pryse wat gewen kan word – hou Sterrelig dop!

Die inskrywingsvorm is beskikbaar wees by die kantoor en moet by Santie ingehandig word na voltooiing. Die inskrywingsfooi sal by die maandelikse heffingstaat gevoeg word, aangesien die kantoor geen kontant hanteer nie.

Beoordelaars: Dawie, Thinus en Des.

Sluitingsdatum vir inskrywings: 29 Julie 2022.

Beoordeling van tuine sal voor **12 Augustus 2022** gedoen word. Die drie weners sal bekend gemaak word op **19 Augustus 2022**, tydens 'n laatmiddag funksie (bring en braai) en sal daar hul pryse ontvang.

Navrae: Dawie 071 734 3618
Nellie 083 680 6965

WYNGILDE

Op Woensdag, 1 Junie, het daar groot opgewondenheid geheers by die klubhuis, want Boplaas wynlandgoed het vir ons 'n wyn-, port- en whisky- proe kom aanbied. Met mooi versierde tafels, heerlike eetgoed, wat voorberei is deur die dames van Negester en 'n vrolike atmosfeer, het Rozanne, bemarkingsbestuurder en dogter van Carel Nel, 5de geslag van die Nel's en huidige Boplaas eienaar, meer kom vertel van hulle wyne, port en whisky.

Daar is geproe aan Mascato Frizzanté, Cabernet Sauvignon, Tinta Barocca, Boplaas Cape Vintage Port en whisky. Baie opinies is uitgespreek en smaak-ervarings is gedeel. Na die proeëry is daar heerlik gekuier, iets wat die wyn-vriende goed kan doen.

Die teenwoordiges kon ook bestellings plaas en 'n groot hoeveelheid wyn, port en whisky is bestel, wat sommer al die volgende



week afgelewer is.

Hierdie inisiatief was 'n eerste vir die Negester Wyngilde, maar beslis nie die laaste van sy soort nie! Baie dankie, Derek, vir die "onderhandelinge" met Boplaas; hierdie aand was een vir die boeke!

Indien jy wil aansluit by die Wyngilde, laat weet gerus vir Alida (0716096705), wie jou op die groep sal byvoeg. Ledegeld beloop R100.00 pp per jaar.

Wyngroete tot volgende keer!
Sameroeper
Alida

Tel jou TYD want TYD tel

LEWE leer ons die waarde van TYD.

TYD leer ons die waarde van LEWE.

Elke lewende wese op aarde ontvang daaglik 'n kwota van 86,400 sekondes kosbare TYD! Wat dóén ons met hierdie gratis en onmeetlike GAWE?

Kleintyd het ons gesê: “As ek eendag groot is gaan ek.....”. en toe word ons groot en sê: “As ek kans kry moet ek.....” en toe word ons ou(er) en sê: “Ek wil so graag nog.....”!

Tydsverloop bly in misterie gehul, want ons ken net ten dele, soos duidelik spreek uit Spr 27:1 “Moenie te veel praat oor wat môre kan gebeur nie. Jy weet gladnie wat môre gaan oplewer nie.”

“Dr Seuss” se woorde “HOW DID IT GET SO LATE SO SOON?” klink vir my al hoe bekender soos die jare aanstap.

TYD = die onkoopbare, vlietende kommoditeit waarom alles draai: sekondes, ure, dae, weke, maande, jare, dekades, eeue, dag, nag, seisoene, afstand, lewe, dood, begin, einde. Deur datums en tye, erken ons hierdie ontasbare element wat ons lewe oorheers en word ons rentmeesters van die Goddelike Gawe van TYD.

Die begrip van TYD is nie altyd maklik verstaanbaar en verwoordbaar nie, maar bewustheid van TYD maak die nietigheid en kwesbaarheid van ons bestaan net meer werklik. Hoe begryp mens die omvang van byna onmeetlike sterrestelsels waar een ligjaar gemeet word aan nagenoeg 10 miljoen miljoen kilometers en só afstand EN tyd aanraak? Tydens TV-kerk flits die volgende woorde op die skerm:

“If the stars should appear for one night in a thousand years, how would man believe and adore and preserve for many generations, the remembrance of the City of God which had been shown!” (Ralph Waldo Emerson). Wonderbaar!

Onlangs het ons twee ons 53e verlowings-herdenking gevier. Sowat 465,000 ure sedert 31 Mei 1969, vlieg voor my geestesoog verby. Ek kyk om my heen en voel dankbaar vir die paar kosbare kleinode wat ons afskaalproses na 9Ster oorleef het. Saamweestye wat strek oor meer as 'n halfeeue, kom na vore en ek voel dankbaar dat ook dié stoflike items se sentimente ons daaglik herinner daaraan dat ALLE tye onvervangbaar is.

Ons woon nou vir 18 maande reeds hier op erf 263 en besef elke dag opnuut hoe na die bosveld en sy bome en die natuur aan ons harte lê. Om “shinrin yoko” as 'n tydverdryf te kies, sal vir ons twee beslis bo-aan ons vryetydsbesteding-lys wees. “Forrest bathing” kan nét goed wees vir siel en liggaam. Neem gerus TYD om 'n boom te plant want dit het toekoms waarde. Wie sou kon weet dat die eikebome wat 'n kwarteeu gelede geplant is, NOU eers dik en lank genoeg sou wees om as dakbalke te dien vir die herstel van die Notre Dame Katedraal? “Time well spent (i.e.: by planting the trees of the Forest of Villefermoy) will never be wasted”.

Job sê: “My dae skiet vinniger as 'n naellooper verby”. (Job 9) Met naastenby 7,568,640 ure agter die blad, kan ek my daarmee vereenselwig. Die vervlietende gang van die tyd word sigbaar wanneer jy sien hoe groot jou kleinkinders word en as jy ervaar hoe alles om jou verander terwyl die onvermydelike ouer en swakker word aan die lyf gevoel word. In ligter luim: as ons blinkkant nie meer bo bly nie, maak ons maar die bokant blink!

Tyd is verniet maar as dit verlore is, is dit vir altyd verlore en kan nie uitkoop of weer teruggevind word nie. My woorde skiet tekort en daarom span ek die volgende lirieke in wat die verlies aan saamweestyd so treffend verwoord:



“As ek jou net kon vertel
 As ek jou net kon laat sien
 Sou ek 'n skilder opdrag gee
 Om 'n prent vir jou te verf
 En as hy eindelijk klaarmaak
 As hy sy meesterstuk voltooi
 Sou jy weet
 Jy sou weet
 As jy teen die tyd nog vergeet
 Hoe ek voel
 Hoe ek voel
 Oor jou
 As ek jou net kon laat sien
 As ek jou net kon laat lees
 Sou ek 'n faxmasjien gaan huur
 En gedigte vir jou stuur
 En as jy anderkant dit kry
 As jy dit uithaal en jy kyk
 Sou jy weet
 Jy sou weet
 As jy teen die tyd nog vergeet
 Hoe ek voel
 Hoe ek voel
 Oor jou
 As ek jou net kon laat lees
 As ek jou net kon laat hoor
 Sou ek 'n koor na jou toe stuur
 Serenade in die laatnaguur en as jy wakker word een aand
 En jou vensters staan wyd oop
 Sou jy weet
 Jy sou weet
 As jy teen die tyd nog vergeet
 Hoe ek voel
 Hoe ek voel
 Oor jou”



(“Hoe ek voel.....” Johannes Kerkerrel)

Maak nou tyd want NOUTYD is AL TYD waarvan ons seker is.

Steek 'n kers op en raak rustig....

Vul die outydse olielamp met citronella olie, steek die lint aan vir lig en hou sommer die muskiete so weg....

Kry sonkrag en raak onafhanklik dag EN nag.....

Stap straat-af en spandeer TYD saam met iemand.....

Skuif jou stoel in die wintertyd na die sonkol en word warm.....

Neem weer 'n boek op en lees tot dit donker word....

Tydens speelyd kan jy gerus aanhou speel tot jou bene lam raak.....

Dink'n paar sekondes ná oor die inhoud van die sms vóór jy die 'send' knoppie druk.....

Gebruik TYD om diep te dink en innerlike krag te ontvang, sodat jou koppie altyd gevul bly met volroom melk....

Maak TYD om te gee, want dit verskaf dubbele vreugde.....

Ontvang met oorgawe wanneer jou beurt aanbreek en vul jou gees tot oorlopens toe....

En onthou gerus ALTYD hierdie belangrike opdrag: “LAG OOR DIE DAG WAT KOM”

(Spr. 31)

L-M L

263

STOKPERDJIES

Carol Joubert



Carol Joubert van no. 410 lees graag en geniet dit ook om na klassieke musiek te luister. Brei is egter haar geliefkoosde stokperdjie. Nie gewone regs en aweregs nie, dis te vervelig, maar ingewikkelde patrone met kabels, diamante en wat nog als. As die patroon boonop asimmetries is, is dit eers vir haar lekker om dit te brei.



Carol vertel dis nie haar ma wat haar leer brei het nie, maar die juffrou in die handwerkklas op Worcester waar sy op skool was. Soos enige kind was brei nie vir haar lekker nie, maar toe sy in Londen as fisioterapeut opgelei is, het haar kamermaat haar uitgedaag om 'n "pull over" te brei. Toe byt die gogga! Om te sit en brei het darem ook gehelp met die groot verlang



huis toe.

Sy het deur die jare pragtige trui vir haarsel, haar man en hul dogter gebrei. Deesdae verwonder die klompie dames by Dinsdae se handwerkgroepie hulle aan hoe lekker Carol saamklets terwyl sy maklik kophou met die moeilike patroon waarmee sy besig is. Sy durf ook nie 'n fout maak nie, want niemand kan haar met die ingewikkelde patroon help nie.



Gewoonlik moet iemand egter help met die uitsoek van die patroon en die kleur van die wol, want dit kan Carol nie self doen nie - sy is blind. Hoe lees sy dan die patroon? Wel, deur die jare het haar man, Wessel, baie vaardig geraak met breipatroon-lees. Hy neem vir haar die instruksies op band op en dan luister sy daarna. Sy ken uiteraard al die terme en weet bv. as hy lees "psso" is dit "pull slipstitch over".

Die trui op die foto's is gebrei deur ons vriendin, Carol, wat nog nooit self kon sien hoe mooi hierdie trui werklik is nie.



NOODNUMMERS

Ambulansdiens Life 24	082 040 5003
Brandweer	014 736 8000
Polisiediens	072 839 5587
HD Elektries (Dirk)	083 660 0319
Loodgieter (Eric)	083 281 7789
Suster Delia	082 494 2717
Landgoedbestuurder (Dawie)	071 734 3618
Hospitale	
Provinsiale hospitaal	014 736 7300

Vars gedruk...



Kan julle glo ons is halfpad deur die winter en dit het so ver goed gegaan? Hier en daar hoës of nies iemand. Jammer vir almal wat deur griep of covid geraak is, maar hier is nou 'n lekker interessante boek vir onder die kombes lees. DIE KIND UIT DIE WINGERD DEUR HELENA de KOCK.

Die boek speel af op 'n wynplaas in 1918. Een Sondagmiddag toe die plaasmense tee op die stoep drink, kom daar 'n klein seuntjie deur die wingerd aangeloo. Waar? Wie? en waarom? is die vrae wat deur die dorpie gegaan het. Sy naam is Louerens Erasmus. Wat se geheim het die twee Erasmus broers? Louerens word groot in die plaasopstal van die oudste Erasmus broer en sy gesin. Gou stel Louerens belang in wynmaak en ook in een van die bure se dogter. Louerens besef egter hy kan Carin niks bied as hy nie weet wie hy is nie. So begin sy soektog op ver paaie na sy ouers. As jy meer wil weet, lees die boek. Jy sal verras wees oor die einde.

Groete van stoep tot stoep

Carol



Tong in die kies . . .

Daar was 'n desperate verslaggewer. Hy ry op 'n dag by 'n ouetehuis verby en sien sy voorblad-berig in sy geestesoog.

Vandag maak ek my merk, droom hy, oppad om die matrone te spreek.

'n Hoofopskrif: "Die oudste inwoner in die tehuis", praat hy met homself.

Matrone neem hom na oom Frans, 'n volle vyf en negentig jaar oud.

Die verslaggewer groet die oom en val toe ook weg met die groot vraag, wat hy glo, hom (verslaggewer) beroemd sal maak as skrywer:

"Oompie, jou hele lewe sal seker verander wanneer jy vandag 'n miljoen rand kan wen né?"

Oom Frans se oë kry 'n glinster, sy sithouding word somer meer regop en hy gee 'n stout glimlag . . .

"Boetman, koerantmannetjie. Hoe sal ek nou sê?"

Verslaggewer is gereed vir die antwoord wat sy saai lewetjie na 'n paar woorde gaan verander . . .

"Ou seun, jy weet ek sal nog altyd vyf en negentig wees."

Gusta

Rocking Horse Kwekery

Bring die advertensie saam vir
20% Afslag
op alle Plante en Bome

SCHOEMBIE GARDENS

Garden Service / Tuin Dienste
Landscaping / Landskap argitektuur
Grass / Gras
Succullents / Vetplante
Trees / Bome
Irrigation new and repairs / Besproeiing nuwe en herstel
werk

**TEL: 064 318 0168 /
064 342 3376**



S O R G S E N T R U M

Hierdie is n kort uittreksel uit 'n boek van Dr. Pauline Boss wat moontlik van waarde kan wees in die tyd waarin ons leef.

Die hantering van onuitgeklarede verlies:

Dr. Pauline Boss het in 'n Switserse immigrantgemeenskap in Amerika groot geword waar sy vertel hoe dit gevoel het asof almal om haar gely het aan 'n intense verlange na die land van hulle herkoms.

Haar ouma en pa was vol heimwee oor die familie wat hulle agtergelaat het. Boss vertel hoe haar ouma geweier het om Engels te leer. "Sy't gesê sy het haar berge verloor en haar ma verloor en haar vriende verloor en was nie van plan om haar taal ook te verloor nie. Heimwee was 'n onontbeerlike deel van ons familiekultuur."

Haar ouma het later demensie ontwikkel en die ervaring het Boss nuuskierig gemaak oor die verlies wat sy gevoel het vir 'n persoon wat "daar was, maar nie daar was nie". Die nuuskierigheid het uiteindelik uitgeloop op 'n doktorsgraad in die sielkunde.

Aanvanklik het sy op families gefokus waar pa's te hard gewerk het om vir hulle kinders teenwoordig te wees, en toe later het sy gefokus op vroue van vegvlieëniers wat in die Viëtnam-oorlog vermis geraak het. "Die pa's was sielkundig afwesig, terwyl die vlieëniers fisiek weg was. Albei situasies het 'n gevoel van onsekerheid by die families ontlok, 'n dralende droefheid oor verliese waarvan die aard nie duidelik was nie."

Sy verduidelik in hierdie artikel in The New York Times hoe sy uiteindelik op die konsep van onuitgeklarede verlies besluit het.

In die gevalle wat sy bestudeer, was daar geen liggame nie, en dus geen rituele vir rou nie. En eerder as een spesifieke gebeurtenis het hierdie verliese in baie gevalle oor jare plaasgevind, en mettertyd verdiep op maniere wat mense nie kon begryp nie. Kon hierdie ervarings as verliese beskou word, het Boss aanvanklik gewonder. Maar soos sy geluister het na hoe families oor hulle afwesige familieleden praat, was dit vir haar duidelik dat 'n beskrywing, 'n term nodig was om hierdie "onuitgeklarede verlies" te beskryf waarmee hierdie onduidelike en onerkende afwesigheid in mense se lewens aangespreek sou kon word. "Dit gee ons 'n term om die amorfte aard van emosionele verwonding te verwoord."

"Onuitgeklarede verlies verskeur betekenis," sê Boss. Dit is een van die mees traumatiese ervarings van verlies omdat daar geen afsluiting is nie. 'n Geliefde wat verdwyn sonder enige bewyse of hulle lewend of dood is. Of iemand wat stadigaan "doodgaan" weens demensie en waar geheue, herinnering en emosie wegglip, waar hulle sielkundig weggaak, maar nog fisiek daar is."

Hierdie verliese, verduidelik sy hier, is verliese "sonder afsluiting" omdat dit gepaard gaan met 'n teenstrydigheid: 'n gelyktydige aanwesigheid en afwesigheid, wat afsluiting ontwyk.

"Kan jy byvoorbeeld oor iemand rou wie se liggaam aanwesig is, maar sy verstand is nie?" vra sy. "Of iemand wie se dood onbevestig is? Kan jy rou oor 'n toekomst wat onder jou voete uitgeruk is?"

In die dekades sedertdien het Boss een van die voorste kenners van onuitgeklarede verlies geword en het dit 'n nuwe veld in die sielkunde geword. Boss self het begin spesialiseer in terapie vir families van Alzheimer-pasiënte, asook families van geliefdes wat in natuurrampe weggeraak het en in ander tragedies gesterf het, soos met die 9/11-aanvalle in die VSA.

Onuitgeklarede verlies vind ook plaas in meer alledaagse situasies waar ons miskien nie die verlies raaksien nie, of nie dink ons mag dit verlies noem nie.

Sy gebruik die voorbeeld van 'n alkoholis-ouer wat 'n gedaanteverwisseling ondergaan as hy of sy drink. Of van kinders wat uit die huis trek of emigreer. Die verlies van 'n huwelik of verhouding wat verbreek word, of die pyn en verlies wat gepaardgaan met 'n kind wat vir aanneming opgegee word.



"Al hierdie ervarings is 'n opeenhoping van smart wat ons nie altyd erken nie," sê Boss. Sy gebruik die voorbeeld van 'n egskeiding, iets wat sy self ervaar het, om dit te illustreer.

"Dit is duidelik nie so dramaties soos van die ander groot verliese nie, maar dit is 'n verlies waarmee baie mense sal kan identifiseer. "Jy verlaat iemand. Jy verloor iemand, maar hulle is steeds daar. Hulle is terselfdertyd aanwesig en afwesig. Dit is veral so as daar kinders is waarna daar gesamentlik omgesien word. 'n Egskeiding is 'n verhouding wat 'geskeur' het, maar nie verdwyn het nie."

In haar boek *Ambiguous Loss: Learning to Live with Unresolved Grief* probeer Pauline Boss verstaan hoe ons "emosionele afsluiting" kan kry in die geval van onuitgeklearde verliese.

Wanneer iemand doodgaan vir wie ons lief is, is daar rituele wat ons deur die ervaring lei. Maar as hierdie tipe afsluiting nie moontlik is nie, kan ons vasgevang word in die niemandsland tussen hoop en wanhoop, sê Boss.

"Onuitgeklearde verliese is onlogies, chaoties en ongelooflik pynlik. En vir baie mense, iemand wat byvoorbeeld vyf of 10 jaar lank na iemand met demensie omsien, kan dit 'n chroniese smart word.

"Ons is nie gemaklik met onbeantwoorde vrae nie, en onuitgeklearde verliese is vol onbeantwoorbare vrae. Dit is verlies sonder feite. Iemand is weg. Jy weet soms nie waar hulle is nie. Jy weet soms nie of hulle lewe en of hulle dood is nie. Jy weet soms nie of hulle terugkom nie. Daardie tipe raaisel gee ons 'n gevoel van hulpeloosheid en ons is nie gemaklik daarmee nie.

"Die enigste manier om met onuitgeklearde verliese saam te leef is om met twee teenoorstaande idees in jou kop te leer leef. In die Weste sien ons lyding as iets wat ons moet oorkom, regmaak, oplos. Dit is ook 'n goeie ding, ek wil dit nie gering ag nie, maar hier is die probleem: Elke nou en dan is daar iets wat nie 'n oplossing het nie en waar jy moet leer om met hierdie onduidelikheid saam te leef."

Sy illustreer die onduidelikheid aan die hand van iemand wat byvoorbeeld vermis geraak het: "Hy is weg; hy is waarskynlik dood, maar miskien nie." Of "miskien kom hy terug, maar miskien nie".

"Met onuitgeklearde verliese is daar geen regte moontlikheid van afsluiting soos met tradisionele verliese nie," verduidelik Boss.

Die nuwe navorsing oor verliese en rou beweeg weg van die idee dat dit lineêr is, sê Boss. Tradisioneel het sielkundiges hulle kliënte gehelp om afsluiting te kry deur hulle hartseer "te laat gaan" – en dat dit dan die punt is waar smart ophou.

"Closure" is 'n goeie woord vir 'n besigheidstransaksies, maar dit is 'n baie slegte woord vir menslike verhoudings. As jy aan iemand geheg is – as jy hulle lief het – en jy hulle verloor hulle, gaan jy steeds vir hulle omgee. Dit is net anders. Dit is 'n ander dimensie.

Boss gee in haar boek ses riglyne van hoe sy sê mense met onuitgeklearde verliese kan omgaan:

Kry betekenis uit die verlies;

Hou op om 'n onbeheerbare situasie te probeer beheer; Probeer jou identiteit terugkry ná die verlies; Raak gewoon aan ambivalente emosies; Herdefinieer jou verhouding met wie of wat jy verloor het; en Vind hoop.

"Afsluiting bestaan nie. Ons moet met verliese leer saamleef, of dit 'n duidelike verlies of 'n onuitgeklearde verlies is. Dis oukei. En dit is oukei om mense te sien wat seerkry en net sê: 'Ek's jammer.' Mens hoef nie meer as dit te sê nie."

* Pauline Boss is 'n emeritus-professor aan die Universiteit van Minnesota. Sy is die skrywer van *Ambiguous Loss: Learning to Live with Unresolved Grief*, *Loving Someone Who Has Dementia*, en *Loss, Trauma and Resilience*.

Indien u meer van hierdie onderwerp wil weet is u welkom om ons by die sorgsentrum te kontak vir meer inligting.

Groete.

Delia

Omgee vir mekaar
maak almal sterk.



Wie kan ek kontak?

KLINIEK	014-736-3364	014-736-2770
Nood-nommer		072 312 3499
Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)		014-736-2580
GROEPWERK (Annatjie Moore)	014-736-2580	
Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)	014-736-2725	

Maak asseblief afsprake		
Maandae – Vrydae	7h30-9h30	Kliniek
Maandae	7h30-9h30	Voetsorg
Dinsdae	7h30-9h30	Haarsorg
Dinsdae	7h30-9h30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
Vrydae	Middag	Fisioterapeut



EK SAL GRAAG EENDAG.

Cobus Oosthuizen


As ek eendag 'n beeld kan maak.
Sal dit 'n beeld wees net van klei,
van 'n man wat êrens op 'n klip of boomstomp sit.
Ek sal die klei en beeld dan vorm netsoos U, O Heer vir my.

As die beeld dan klaar en ek tevrede is,
sal ek die beeld graag op 'n doek in kleur wil verf.
Die kop en skouers, elke detail van sy gelaat.
Sy gesig sal leef en nog net moet praat.
Om sy nek 'n string krale van sade en van skerf.

Dan sal ek oor die man wil dig en skryf.
Alles oor sy veelbekende wel en weë wil beskryf.
Het na homself verwys as "Die ou ram"

Hy was die leier van die Khomani San.
Hy was Oupa Dawid Kruiper.

1941 tot 13 JUNIE 2012



Doen slegs U wil
Heer
U wil met my
U pottbakker
Met my die klei . . .

KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB



WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSPRAAK REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.
Voeg asb by u boodskap Negester.



TROTS GEASSOSIEER



Devander House
298 Stokkiesdraai Str
Erasmusrand, Pretoria, 0181
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za

Volg ons op Facebook en Twitter
Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, FSP no: 16908



Bennie en Ronel Pienaar op die bank met Sandra



Op 'n koue Maandagoggend kuier ons by Bennie en Ronel. Wat my opgeval het, is die hartlikheid en warmte wat ek ervaar toe ons in die huis vol sonskyn instap. Vir Bennie sal jy vroegoggende op die pad Klein-Kariba toe kry, of hy stap of draf is die vraag...?

Dis so wonderlik om na mense se stories te luister en te besef hoe alles ten goede meewerk.

Ronel kom oorspronklik van Welkom, maar in haar standerd ses jaar is haar pa na Mosambiek verplaas waar hy betrokke was by die bou van die Cahora Bassa Dam. Sy moes noodgedwonge koshuis toe vir haar skoolopleiding in Rhodesië. Nadat sy haar skoolopleiding voltooi het, het sy in Rhodesië gebly en by Rhod bank begin werk. Sy het 'n oorplasing na Nedbank in Suid-Afrika gekry, waar sy gewerk het tot die geboorte van hul kinders.

Bennie is 'n boorling van Krugersdorp, met sterk familiebande in die Kaap. Hy voltooi sy laerskoolopleiding in Krugersdorp, maak 'n hoërskool draai in Belville in die Kaap, is koshuis toe in Franschoek en voltooi sy matriek in Krugersdorp. Bennie het by die spoorweg begin

werk en vanweë die aard van die sleutelpos wat hy bekleed het, is hy vrygestel van verpligte weermagopleiding. Hy bedank by die spoorweë en gaan werk by Intercontinental Breweries Limited in Krugersdorp. Dit is die begin van 'n lewenslange betrokkenheid by die bierbedryf.

'n Vriend van Ronel, wat saam met Bennie gewerk het, het hulle aan mekaar voorgestel en so begin 'n vriendskap wat uitloop op 'n huwelik van 43 jaar. Hul het 'n seun, Jaco wat in Kemptonpark woon en 'n dogter, Xinia in Centurion wat vir Youi werk en polisse aan Australiërs verkoop.

Vroeër jare het hulle graag gekamp en gestap, maar na twee ernstige motorongelukke loop Ronel moeilik en verwyl sy haar dae met lees en huistakies. Bennie het verskeie staproetes voltooi. Die eerste staproete was die Otter, seker een van die mooiste staproetes in Suid Afrika, maar ook een van die uitdagendstes. Al die ander roetes wat hy meegemaak het, word aan die Otter gemeet, maar die Otter bly die beste. Hy werk nog van die huis af en doen sy seun se besigheid se boeke.

Bennie en Ronel het gereeld by Klein-Kariba gaan kamp en so gehoor van Negester. Hul het op die Internet navorsing gedoen en soos Bennie sê: "Negester is soos die Otter... die mooiste aftree-oord en geen ander oord vergelyk beter met Negester nie."

Dankie vir die sonskyn en warmte wat julle in ons harte gebring het.

Spreuke uit C.J. Langenhoven...



Waagmoed:

"Waar die moeilikheid so groot is as 'n berg, klim die wyse bo-oor; die dwaas graaf 'n tunnel onderdeur en bly binne vassteek; die lafaard draai om."

HARTE BLY WARM OP KOUE MARKDAG

Die windjie was koud en skraal . . . maar die 9sterre het markdag gehou op 22 Mei 2022.



Dit was ons "Local is lekker-dag". Daar was 23 stalletjies, net uit ons geleedere. Baie dankie aan die persone wat die stalletjies beman het. Sonder julle was hierdie lekker dag nie moontlik nie.

Annatjie Ras

(Markdag koördineerder)

Afgesien van beurtkrag en die koue, ongure reënweer wat skielik vanaf die Vrydag voor die "Local is Lekker" markdag ingetree het, het die inwoners van Negester weereens bewys dat as daar gekuier kan word, laat hulle hulle nie afsit nie.

Ek en buurvrou-en-vriendin Sonja, is opgekommandeer om die Teetuin in die klubsaal en die Bring-en-Braai na die tyd te reël en te behartig. So gesê, so gedaan! Ons twee is twee karperde wat altyd reg is vir 'n uitdaging! Ek moet darem noem dat ons die bystand en hulp van die



ervare mense agter die gordyne tot ons beskikking gehad het.

Nadat ons besluit het op 'n Herfsbessie tema vir die Teetuin, het ons die bosse ingevaar opsoek na blare en bessies vir versierings. Dit het met groot pret gepaard gegaan, alhoewel die dorings en takke soms bietjie geniepsig was. Maar ons oë het ook oopgegaan vir die anderse mooiheid van die veld hierdie tyd van die jaar en ons was verbaas oor hoeveel verskillende kleure bessies



daar wel was!

Alhoewel ons gerus was dat alles in plek was en gereed was vir die "groot dag" is ou Murphy mos altyd in die omgewing. Daar is toe beurtkrag vroeg die Saterdagoggend en ons moes planne maak vir kookwater. Gelukkig ontdek ons toe 'n gasstoof in die klubbuis se kombuis en kon gewone ketels gebruik word om water te kook. Dus, toe die eerste kliënte net na 08:00 instap vir 'n koppie warm koffie, was ons gereed!



Die ondersteuning by die Teetuin was goed, want dis koud en die mense soek iets warm om te drink. Intussen hou ons die weer angstig dop en besluit op 'n plan B vir as dit dalk reën teen die tyd dat die braai laat-middag moet begin. Net na ete begin die weer opklaar en ons



slaak 'n sug van verligting. Die braai kan voortgaan! Die vure word gestook en hulle brand hoog!

Daar word gebraai, geëet, gekuier, gelag en gesels om die vuur tot laat die aand.

Na al die geskarrel en naels kou, kon ek en Sonja eindelijk 'n glasie klink op 'n suksesvolle dag! Ons sê dankie vir almal wat gehelp het: wat hout geskenk het, pap help maak het, sous gebrou het en gehelp het by die teetafel.



Dalene Oosthuizen



Hannelie de Beer Fisioterapie

(Praktyk nommer: 961906)

Bekwame Fisio in Nylstroom en Warmbad
Ervare terapeut met oor 15 jaar werksondervinding
in Suid Afrika en Australië

*In Nylstroom reg oorkant rolbalbane
en in*

Warmbad langs Natspat Swem akademie!
Doen ook Tuisbesoeke by Negester Dinsdae en
Donderdae!

Kontak gerus **078 426 9685** vir enige navrae.
hdebeerphysio@gmail.com

Hervormers hou basaar

Tydens die Covid inperkingstyd, het Negesterre die gereelde kerk en liefdadigheids byeenkomste baie gemis. Glo ek praat namens die meeste inwoners. Iets wat ons die afgelope paar jaar ervaar het is dat 'n kerkbasaar baie spesiaal is in die bosveld. Na-weke word gevul met besoeke aan verskillende byeenkomste, basaars en kermisse. Toe begin die sporadiese boodskappe: Dopperfees, Bosveldontbyt, Karnavalfees, Hervormde basaar ens. en ons was oorgehaal om te ondersteun. Die kwyl het behoorlik by ons monde uitgeloopt.

Ons was totaal uitgehonger – letterlik - vir die lekker koeke, poedings, kerrie-en-rys, vetkoek, pannekoek, handwerk artikels ens. op een perseel en tafels wat kreun onder die gewig van kosse. Waar anders kry jy kwaliteit vleis teen winskopie pryse? Dit word natuurlik vroeg-vroeg opgeraap. Die Hervormde kerk Waterberg, in Nylstroom, het op 4 Junie basaar gehou. Natuurlik het dit uitgeloopt op harde werk en heerlike samesyn, eet en kuier. Ons wil graag al die Negesterre wat ons ondersteun het van harte bedank. Hou maar dop, daar kom nog 'n winterfees ook.

Dawid Appel



Goggastories *Des*

Die mees fasinerende kreature kom in die insekwêreld voor. Van die mooiste, uitspattige, kleurvolle insekte tot die grilligerste sespotiges, met soms eienaardige gewoontes, bewandel die aarde en vlieg sonder vlugplanne in “ons” lugruim rond. Juis op een van my veldbesoeke, na afloop van ‘n gekombineerde opleiding-vergaderingsessie, speel die volgende gebeure af. In die Hazyviewarea word macadamiabome op elke moontlike helling geplant, dikwels tussen die berge van ons mooie ou Oos-Transvaal. Toegang is dan slegs met sterk trekkers of 4x4 voertuie. Dis somer, Januarie, nat, modderig en stomend warm. Die landbousektor is georganiseerd en net daar, in die veld, langs die boord, word koelhouers uitgelaai en ons gaan nou braai. Fasiliteite is maar skraps maar boer maak mos ‘n plan. Alles wat nodig is, is vooraf ingelaai, bederf vir ons van hoofkantoor. Die boer en sy vrou wat op ‘n ander plaas bly, asook ‘n paar ander siele sluit aan en gou is almal gesellig. Ek bly op die waterkar, want ons moet laataand bergaf. Dis net hier waar een van ons meer grilliger, gevleulde, sespotiges besluit ek is ‘n goggaliefhebber en my oor lyk interessant. . . . die binnekant.



Die gekriewel en voetjies wat krap, maak my desperaat en ek leen my ore uit vir enige voorstelle. Daar is nie olyfolie nie, maar sterk voggies. Die eerste voorstel is: “Kom ons verdrink die outjie”. Klink na ‘n plan maar ai, in die proses word my oor groot-en-deels gemis en die meeste whisky eindig op my klere. Ek ruik soos ‘n goedkoop shebien en die gekriewel in my oor duur voort. Kommentaar soos: “Hik die outjie nou?”, help ook nie juis nie. Mnr. Boer het wel die paramedici van die area se nommer op sy foon. Hulle is nie ver nie en gaan somer saam kuier. Niks teen hulle opleiding nie, maar ek het nie ‘n beenbreuk of ernstige bloeding nie, die flitslig se battery is pap en die selfoonliggie skyn nie mooi in die klein oorkanaaltjie af nie. Hulle bied my ‘n oorstokkie aan, maar ek is groot gemaak niks kleiner as my elmboog word in ‘n oor gedruk nie. Boervrou onthou daar is botter vir die aartappels, dis mos net soliede olie. Die opskeplepel oor die oopvuur smelt die bottertjies mooi en die drup lekker in die oor af. Die gekriewel stop met die stol van die botter en net een oor hoor, gelukkig het ons twee. Ek slaap maar onrustig en wil net saam met my rymaats in die pad val. Hulle wil eers ‘n olierige ontbyt deurwerk. . .

Ek bel my huisdokter, net nadat ons deur Schoemanskloof gery het, en laat my ore net voor 17:00 uitspuit. Sy raas nie te veel nie en bly geduldig spuit totdat ek tevrede is met ‘n kop, bors en agterlyf, ses pote, twee voelhorings en die vier vlerke van die simpel vlieënde veldkakerlak. Daarna neem ek ‘n selfoonfoto van die dokter se “vangs” om vir die groep te wys die kriewel en krap was regtig. . .

Negester Huiseienaarsvereniging en die Reg.

Baie huiseienaars verkies deesdae om huise te koop in geslote areas of in veilige leefstyllandgoedere. Negester is een so ‘n geval. Wanneer iemand ‘n eiendom koop in so ‘n landgoed, soos Negester, word hy by ooreenkoms lid van die Huiseienaarsvereniging.

In leefstyllandgoedere word eiendomme besit deur individuele eienaars en deur ander entiteite soos die ontwikkelaar en die Huiseienaarsvereniging – die “HEV”. Die HEV is dus ‘n struktuur wat deur die eienaars gebruik word om die bestuur van die hele landgoed vir al die eienaars te behartig. Die HEV besit dan die gemeenskaplike eiendom, die infrastruktuur wat daarmee gepaard gaan en fasiliteite wat deur die eienaars gebruik word. Dit sluit in vaste eiendom, grensmure en -heining, klubhuis, sekuriteitshekke en enige dergelike eiendom wat deur die eienaars gesamentlik besit en bestuur word. Dit sluit ook in dinge soos watervoorsiening en elektrisiteits infrastruktuur.

Om hierdie bestuursfunksies behoorlik uit te voer en om die landgoed te onderhou, word fondse natuurlik benodig. Daarvoor word heffings benodig en jaarliks bepaal wat nodig is vir die landgoed se onderhoud, sekuriteit, ensovoorts.

Om behoorlike reëls te verseker vir alle landgoedere met huiseienaarsverenigings, en om aan die HEV volwaardige status as regs persoon te verleen, word daar dan ‘n maatskappy (sonder winsbejag) gestig wat behoorlik geregistreer word en wat dan die eienaars se belange moet dien deur middel van ‘n Akte van Oprigting, die sogenaamde AVO of in Engels die *MOI (Memorandum of Incorporation)*. Dit vorm dan die “Grondwet” van die landgoed, in ons geval Negester. Die maatskappy word wetlik gereguleer deur die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, wat in fyn detail beskryf hoe sulke nie-winsgewende maatskappye bestuur moet word.

Die AVO en reëls gemaak ingevolge die AVO, mag geensins teenstrydig wees met die bepalings van die Maatskappywet nie.

Die doel van hierdie dokumente, dit is die AVO en die reëls, asook die Maatskappywet, is om regsekerheid te skep en die regte en verpligtinge van die eienaars, die direkteure en ander betrokke partye soos die ontwikkelaar te bepaal en te reguleer in belang van alle betrokkenes, meer spesifiek die eienaars.

Die Akte van Oprigting en meegaande reëls kan op die Negester webwerf gevind word.

Spesiale dankie aan...

“Goeie môre aan al die Negester inwoners...”

Wanneer jy hierdie boodskap hoor moet jou vullissakke alreeds uitgesit wees, anders gaan jy agterna moet hardloop... (Dit sal 'n lagwekkende prentjie wees!)

Gerrit Bannister is die man verantwoordelik vir die vullisverwydering by Negester. Sy navigator is Hannelie, sy vrou, en Daniël, is sy hulp.

Gerrit se verbintenis met Negester het reeds begin in 2017. In sy eie woorde beskryf hy dit as volg:



“Hierdie geleentheid was vir my 'n liggie aan die einde van 'n donker tunnel. My dankbaarheid het ek in gebed na Bo gestuur.”

Hy onthou: Die eerste Dinsdag wat ek toe kom “werk” by Negester, was my bakkie te klein vir 29 huise se vullisverwydering. Geen probleem... inderhaas word van skrootmateriaal en 'n ou 1100 Volkswagen Golf se agterassie, 'n sleepwa gebou. Stiptelik kan hy die volgende Dinsdag sy dienslewering hervat. Ja, daar was ook maar probleemies langs die pad: pap bande, enjingebreke, Covid, ens. Hierdie sien hy steeds as normaal en tog 'n “plesier” om dit ook te beleef. (“Dit leer mens planne maak!”) Hier noem Gerrit dat die inwoners hulle (hom, Hannelie en Daniël) altyd op die hande dra. Soveel vriendelikheid, bedagsaamheid en grappies, maak die dag sommer korter.

Hy verleen ook graag ander dienste en hulp soos bv. skuif van meubels; kontak hom persoonlik vir navrae: 076 772 5205

Interessante inligting wat Gerrit deel:

- Sy Negesterwerksdag strek van 09:00 tot 11:00 dan word die eerste vrag weggeneem na die stortingsterrein.
- Tweede skof begin vanaf 12:00 – voltooi van al die huise.
- Hoeveelheid vullis wat op 'n Dinsdag verwyder word vanaf Negester is gemiddeld 4 tot 4½ ton.
- Tot op hede word 176 huise bedien.
- Soms is dit nodig dat Hannelie die bakkie bestuur terwyl Gerrit en Daniël die vullis oplaai.
- By die stortingsterrein is Gerrit ook betrokke by 'n interessante gemeenskapsprojek in samewerking met die SAPD.



Gerrit se stemboodskap sluit min of meer soos volg af: **“Dankie vir bedagsaamheid, vriendelikheid en vriendskappe. Beste wense vir 'n gesonde en lekker dag! Tot volgende week.”**

Vanaf Negester inwoners

Spesiaal gerig aan Gerrit en sy span:

John D Rockenfeller se woorde:

“Die Geheim van Sukses is maar net om jou gewone werk buitengewoon goed te doen.”

Veels geluk - hierdie kompliment kom julle toe!

Baie dankie Gerrit, Hannelie en Daniël vir die groot taak, wat jul met 'n glimlag afhandel. Jul toegewyde dienslewering word waardeer en dra by tot die netheid in ons huise en landgoed.

Doen so voort – julle is deel van die sterre by Ne9ester.

Gusta



Om te adverteer in Sterrelig:
E-pos vir Nellie Buitendag:
goempieb@gmail.com

VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

ASTERACEAE (Madeliefie Familie): Senecio- en Kleinia spesies.


INLEIDING.

Die Asteraceae familie bestaan uit ongeveer 20 000 spesies wat wêreldwyd voorkom. Dit is dus nie 'n verrassing dat daar so 'n menigte van elke moontlike groeivorm by blomplante in hierdie familie voorkom nie. Vyftien genera en 203 spesies is endemies aan Suidelike - Afrika. Die bekendste plante in hierdie familie is sonneblomme, gousblomme en Barbertonmadeliefies en moenie die jaarlikse skouspel van Namakwalandse madeliefies in die Wes- en Noordkaap vergeet nie! Selfs die indringeronkruid (*Campuloclinium macrocephalum*) met pienk pompom blomme wat in die grasveld rondom Pretoria, langs paaie en verskeie ander dele van ons land groei, is deel van die Madeliefie familie. Niemand sal ooit aan sukkulentplante dink as daar van die plante in die Madeliefiefamilie gepraat word nie. Dit is opvallend hoeveel tuine in Negester plante in hierdie familie het.

As gevolg van bogenoemde interessantheid het ek besluit om 'n artikel oor die Kleinia- en Senecio spesie te skryf.

KLEINIA

Kleinia plante kom verspreid oor die hele Suid - Afrika voor. Hulle groei laag met dof- tot grys-groen blare direk aan die stamme. Die blomme is kopvormig en bestaan uit 'n menigte, dig saamgepakte, helderrooi blomhofies wat van April tot September verskyn. Die helder gekleurde blomblare al op die rand van die blomhofie staan bekend as "lintblomme" wat veroorsaak dat die plante met hul blomme baie opvallend, aantreklik en mooi vertoon. Die blomsade van sommige van hierdie plante lyk soos die sade van aasblomme en word ook deur die wind versprei.



Kleinia stapeliformis

Al die spesies in die madeliefiefamilie word gekenmerk deur hul blomme wat in duidelike blomhofies gerangskik is. Die "blom" van 'n madeliefie is eintlik 'n versameling van baie, digsaamgepakte blommetjies. Hierdie plante doen goed in volson en halfskadu en groei baie maklik van stingelsteggies of saad.

Die twee algemeenste Kleinia plante is die Kleinia fulgens (Koraalsenecio) en Kleinia stapeliformis.



Kleinia fulgens

SENECIO

Die Senecio plante kom hoofsaaklik in die Karoo, Oos- en Wes-Kaap voor. Van al die madeliefiegenusse het Senecio die grootste verskeidenheid wat groeivorm betref. Dit bestaan uit ongeveer 1 250 spesies wêreldwyd waarvan 100 vetplante is. Al die senecio plante moet in 'n mindere of meerdere mate, selfs in droë vorm, as toksies beskou word.

Een van die plante in hierdie groep wat vir my die interessantste is, is die *Senecio haworthii* (Kapokmadeliefie). Die blare is ovaalvormig, spitslopend aan beide ente en bedek met 'n baie dun, wit viltagtige lagie wat aan elke blaar 'n kokon voorkoms gee. Hierdie viltlagie kan maklik maar versigtig met jou naels verwyder word. Dit is nogal indrukwekkend. Die blomknoppe is ook wit en viltagtig aan die onderkant met geel blomhofies.



Senecio cylindricus

Die *Senecio rowleyanus* (String-of-pearls, pêrelsnoer) met stringe, hangende, ertjie grootte ronde "blare", vertoon baie mooi in hangmandjies. Die lintblomme soos in die geval van *Senecio rowleyanus* is dofgekleur.

Die *Senecio cylindricus*, is 'n middel grootte struik. Die sade wat uit die blomme van die *Senecio cylindricus* ontstaan, lyk ook soos die sade van aasblomme en word deur die wind versprei. Die *Senecio rowleyanus* en *Senecio cylindricus* kom volop in Negester tuine voor.

Google "senecio" of "kleinia" vir nog baie foto's van plante in hierdie twee spesifieke genusse of "asteraceae" vir plante in die Asteraceae familie. Google is die hoofbron wat ek gebruik het vir hierdie artikel.



Senecio haworthii

Tot volgende keer, kyk mooi na julle plante, lekker tuinmaak!

Cobus Oosthuizen



Uit Grootjie se kombuis...

Ja, ons grootjies het nie net gespog met hul kruie-tuine nie, maar dit ook funksioneel gebruik.

Wanneer die manne teruggekeer het vanaf die jagveld, met 'n karmenaadjie in die bladsak het die vroue gehelp met die bewerking van die vleis. Dan was die vleis of gebêre/gewinddroog of vleis aan 'n stok gesit en oor 'n oop vuur gaargemaak. Hier by Negester sê ons sommer: "Ons gaan NOU braai!"

Basiese marinade of bedruipsous



Bestanddele

- 125ml (½k) kook- of olyfolie
- 375ml (1½k) droë rooi- of witwyn
- 1 knoffelhuisie gekneus
- 1 klein ui (skywe gesny)
- Varsgemaalde swartpeper na smaak

Metode

Meng bestanddele deeglik.
Die geur verskerp indien die mengsel kan staan.

Met hierdie resep as basis kan 'n hele paar **variasies** saamgeflans word:

Voeg by 15ml (1E) varsgekte of
5ml (1t) droë kruie by:

- Tiemie vir vark- en lamsvleis
- Roosmaryn, origanum, marjolein vir lams- en beesvleis
- Salie, dragon vir vark- en hoendervleis
- Vinkelblare of dille vir vis.



Om ander geure te skep, voeg 'n tikkie van die volgende by:

Mostert, sojasous, tabascosous, worcestershire, tomatiepasta, blatjang, heuning, bruinsuiker, sjerrie, gladde appelkooskonfyt.

NB. Gebruik 'n kleiner hoeveelheid van die marinade as bedruipsous.

Primêre funksie van die bedruipsous is om die vleis sappig te maak. Gebruik 'n fyngedrukte kruietakkie, soos tiemie/roosmaryn, om die vleis mee te bestryk.

Probeer die resep gerus.

Geniet jou vleisie!

Gusta

NOU...

nou toe Afrikaanse spreuke en uitdrukkings

nou toe Sy binneleisels is te kort.

nou toe Betekenis:

Afrikaans: Hy kyk skeel.

Engels: He is cock-eyed.



...Lag ... traan ...

Die redaksie van Sterreilig is bly saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan.

Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.

Manne van die Woord

Dis nog donker as ons vroegoggend bymekaar kom, die lug is byterig en dit is gewoonlik doodstil... stiltetyd stil.

Ons het die maand gepraat oor onderwerpe wat so bietjie selfondersoek nodig gehad het, onder andere het ons gekyk na Naäman. Gaan lees gerus in 2 Kon 5, en sien dat God baie keer vir ons 'n baie eenvoudige oplossing gee en nie noodwendig iets baie ingewikkeld nie. Maak ons ook dieselfde fout as Naäman?

Die Woord sê ook vir ons dat God die wynstok is en dat ons op hom ingeënt moet word. Ons het so bietjie gekyk na... waarop is jy ingeënt? Jesus, geld, die eie ek? en dit ondersoek. Daar is is ook gekyk na die tyd na die Hemelvaart en dan spesifiek Pinkstertyd.

Die volgende maand beloop ook weer baie interessant te wees en ons nooi die manne uit om by ons aan te sluit om 06:00 elke Donderdag bo by die konferensiesaal, net langs die kantoor. Ook baie welkom terug aan die manne wat so gelukkig was om bietjie met vakansie weg te wees, hoop julle het dit baie geniet.

Dan ook baie sterkte aan Dries Schoeman wat 'n 6 dae staproete in Nieu-Bethesda (Oos Kaap) gaan stap, sterkte vir die 120km.

Baie dankie aan die hele groep, julle insette en kennis is van onskatbare waarde. Tot volgende maand.

Groete.

MVW

Boshoff
EIENDOMME

Carin Boshoff

Negester
KLEIN-KARIBA

Contact me

Carin Boshoff | 082 419 4642
carin@boshoffeiendomme.co.za

LEER KEN VIR...

Maria Phale

Verjaardag: 3 November

Kinders: Paul 20jr, Tumela 3jr.

Beskryf jouself: Altyd gelukkig en diensbaar.

Gunsteling kleur? Pienk.

Pos by Negester: Assistent HEV kantoor "Housekeeping".

Gunsteling sportsoort? Wrestling.

Sportheld: John Cena / Big Show.

Gunsteling kosgereg? Oxtail / veg & salad.

Gunsteling nagereg? Ice cream – lekker tert.

Gunsteling Outeur? Bybel

Gunsteling TV-progrm: Wrestling & kerkdienste.

Wat is jou stokperdjies? Rus.

Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreek? See.

Noem twee dinge wat jy nog wil doen, wat op jou "bucket list" is. Huis mooimaak, spaar.

Wat maak jou hartseer? Mense wat sleg werk met ander.

Wat maak jou gelukkig? Kinders & musiek.

Kies een woord:

Kos: Warm

Seisoen: Winter

Ry: Stadig

Vakansie: See

Persoonlikheid: Introvert.



Sekuriteit

VEILIGHEIDSWENKE

- Gebruik gasverwarmers slegs in goed geventileerde areas. Maak seker dat daar geen lekkasies is nie.
- Moet nie verwarmers naby houtmeubels plaas nie, dit is nie net gevaarlik nie, maar ook nadelig vir die hout.
- Moet nie muurproppe oorlaai met toebehore nie. Gebruik liefers net een warmer per muurprop.
- Gebruik elektriese kombineer met groot omsigtigheid en volgens vervaardigersvoorskrifte.
- Voordat jy na die kleinkinders vertrek vir die wintervakansie, maak seker van die volgende:
 - die weersomstandighede van die omgewing waarheen jy gaan,
 - beplan so dat jul slegs deur die dag reis,
 - verseker dat jou selfoon gelaai is voor vertrek en
 - hou familie voortdurend op hoogte met jou vordering,
 - laat jou voertuig se bande, battery en ruitveërs nagaan voor vertrek.
- Geniet jul vakansie en kom veilig tuis.



Groete

Nood- en Veiligheidsbelangegroep.



KOM NEEM DEEL

Blokraaisel

DWARS

1



- 4 Die kat wat vir 17 jaar in die tuin van die 14de eeu oue rektors paleis in Durbrovnik, Kroasië, woon?
- 5 'n Groep oogsiektes wat skade aan die optiese senuwee tot gevolg het met visieverlies?
- 7 Sameroeper speletjies sosialebelangegroep?
- 11 Die jukskei spelers is tans baie besig en _____ bome is deur hulle toedoen aangeplant.
- 12 Dié skrywe handel oor die lewe en handel van vroue in die antieketyd?


AF

2



- 3 Wie se stokperdjie is leerwerk?
- 6 Santie Strydom se gunsteling kleur?
- 8 Borg 'n _____?
- 9 Hoeveel reëndae is in April aangeteken?
- 10 Dié sirkel se harde- en handewerk word alles gedoen en behartig deur Marius Blom?

Baie geluk aan ons wenner!!



SPORT/ONTSPANNING

Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45				Manne bid-uur	
7:30 - 9:30	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
8:30 – 9:30	Biokinetika	Pilates		Biokinetika	Pilates
10:00 – 11:00			Lyndans		
14:00 – 16:00		Naaldwerk			
10:00 - 11:00	Water aerobics			Water aerobics	
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	
14:00 – 16:00				Speletjies (elke 2 de week)	



Sameroepers: Laat weet asb. vir Sterrelig indien tye van aktiwiteite verander.

Kom krap saam in ons Taalkis...



En toe stap ek by die boekrak verby, sommer net. My oog vang: Nuwe FAK Sangbundel. Blaai ek so deur...sien ek die datum voor in, in my ma se handskrif: 25/12/1970. 'n Kersgeskenk aan my! Toe 'n dogtertjie van 12 jaar oud.

Baie liedere wat ek raakblaaï kan ek onthou...ook baie gesing by die Voortrekkers...daar was selfs 'n sangkenteken waarvoor jy kon werk. Dan was daar 'n voorgeskrewe lys van liedjies uit verskillende kategorieë wat jy die woorde van moes ken en kan sing ook.

So 'n paar kategorieë
Volk en Vaderland
Liefdeslag en Liefdesleed
Kleuterklankies

Vir die Kinders
Sluimerliedere, ens.

Hier en daar sien ek ook liedere wat ons om die kampvuur gesing het tydens Voortrekkerkampe.

Onthou jy ook hierdie een?

'n Liefdesliedjie (Jy...jy...)

Jy, jy is my klein hartedief, Jou, jou het ek so lief.

Jy, jy laat my so treurig voel. Weet tog hoe goed ek bedoel.

Ja, ja, ja, ja weet tog hoe goed ek bedoel.

Hoop jy het die nostalgie net soos ek geniet!

Gusta

~ ~ ~ ~ ~

Voël Van Die Maand

Jamesonvuurvinkie
Eng: Jameson's Firefinch
Lagonosticta rhodopareia

Die Jamesonvuurvinkie kom algemeen voor oor groot dele van Afrika, maar in Suid-Afrika is die verspreiding beperk tot die noordelike dele van die land nl. Limpopo, Mpumalanga en die noordelike dele van die Witwatersrand.

Die algemeenste van die drie spesies vuurvinkies wat in die Waterberg voorkom: Jamesonvuurvinkie, Rooibekvuurvinkie en die Kaapsevuurvinkie. Die Rooibekvuurvinkie word ook gereeld hier op Negester waargeneem, maar die Kaapse vuurvinkie is nog nie hier aangeteken nie.

Hulle hou van beboste dele en grasruigtes, veral waar kleiner struik laag bo die grond skuiling bied. Hulle word gewoonlik in pare of familie-groepe gesien. Hulle eet saad en insekte.

Soos in die foto gesien, het die mannetjie 'n donkerpienk tot rooi veredos met 'n swart snawel en oog en swarterige pote. Die stert en fondament is donker getint. Die wyfie se onderkant is pienkgeel met 'n rooi gesigvlak.

Die jonges is valer as die wyfie en het nie die rooi gesigvlak nie.

Die nesses is ovaalvormig, van gras gemaak en gewoonlik minder as een meter bokant grondvlak. Is die broeigasheer vir die Witpootblouvinkie.



Jamesonvuurvinkie
Foto Warwick Tarboton

Bronne geraadpleeg:

Wikipedia

Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe

Sappi Birds of South Africa

www.waterberg-bioquest.co.za

Roberts Bird Guide

Jan van Biljon

BOSVELD VOËLKLUB

Boombrokkies

Hierdie tyd van die jaar verkleur die raasblare, large fruited bushwillows (*Combretum zeyheri*) op ons landgoed van lowergroen tot amper borriegeel. Dit is 'n middelgroot, bladwisselende boom met takke wat grasieus na onder hang. Raasblare word maklik aan hulle besondere groot 4-vlerkige vrugte (ons praat somer van hulle sade) uitgeken.



In die winter wanneer die bome blaarloos is, ritsel die "sade" kenmerkend in die wind, vandaar sy vele Boere-name soos fluisterboom, blaasklapper en raasbos. Raasblare kom algemeen in die Bosveld op swak, suur grond, soos by ons, voor.



Die hout is geelbruin, hard en sterk en is geskik vir algemene timmerhout. Oppervlakkige wortels word gebruik vir halssnoere en om mandjies van te maak. Die gom is eetbaar en het antibiotiese eienskappe. Neushoringvoëls vreet die vrugte wat op die grond geval het. Sade word deur die wind versprei en word soms ver van 'n raasblaarboom opgetel.

Leonora

Markdae weer terug!

Ons beplan nog 1 Markdag hierdie jaar.

26 November 2022. (Dié groot mark: **Ons Kersmark.**)



Nader aan die tyd sal ons die inligting deurgee.

Omdat ons nou meer van die terrein mag gebruik vir die Markdae kan ons die uitstallers ook vermeerder. Voortaan sal die gedeelte by die ou HEV saal nie meer gebruik word nie. Van die uitstallers het gevoel hulle was bietjie weggesteek, wat ons verstaan. Baie dankie vir almal se terugvoer. Ek waardeer dit en ek glo die Sosialebelangegroep ook.

Ons sien baie uit daarna om weer 'n heerlike saamkuier Markdag te hou. Ons doen dit immers vir Negester en dus vir onself.

Markdag-groete.

Annatjie



DIREKTEUR: Johan van Heerden

SPORT

- Sameroeper: Vakant
- Fietsry: Stephanie de Haas
- Tennis: Wilna van Zyl
- Rolbal: Leon Raath
- Gholf: Coenie Louw
- Jukskei: Hannes du Plessis
- Putt-Putt: Chris Rademan
- Tafeltennis: Piet van Zyl
- Pilates: Trish Fitzpatrick
- Biokinetika: Hannie Schoeman
- Visvang: Cassie Walkers
- Wateraerobics: Charlotte Burger

FINANSIES, BEGROTING, BEPLANNING EN ADMINISTRASIE

- Sameroeper: Chris Schoeman
- Lede: Flip Snyders; Koos Burger
Johan van Heerden; Allen Wesson

OMGEWING

- Sameroeper: Arrie Schreiber
- Notuleerder: Evelyn Schreiber
- Voëlklub: Jan de Beer, Gerhard Vosloo
- Plante: Johan Heydenrych, Leonora Visagie
- Diere: Hannes du Plessis, Rouel Beukes, Des van Heerden
- Terrein: André Greyling

DIREKTEUR:

SOSIAAL

- Sameroeper: Derek Grobler
- Lyndans: Annette Swart
- Biblioteek: Mary-Ann Venter
- Speletjies: Anita Howell
- Handwerk: Rita Coetzee
- Markdag: Annatjie Ras
- Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel
- Wyngilde: Alida Meyer

SORGDIENSTE

- Sameroeper: Annatjie Moore
- Sorgsentrum: Sr Delia Venter
- Lede: Hannie Schoeman, Hennie de Wet, Herklaas Viljoen.

ONDERSTEUNING (Lief en Leed)

- Sameroeper: Vakant.
- Ondersteuning: Vakant.
- KANSA: Nellie Buitendag.
- Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

KOMMUNIKASIE

STERRELIG

- Redakteur: Ria Fourie
- Lede: Henk Kruger; Albert Behrens, Sandra Kemp; Gusta Hoare, Annamarie Krüger

Fotografeer: Albert Behrens

Bemarking: Nellie Buitendach

Finansies: Nellie Buitendach

WEBBLADSY: Angus Hughes

BYBELSTUDIE

Manne Bybelstudie:

Sameroeper: Dawie van Niekerk

DIREKTEUR:

VEILIGHEID EN SEKURITEIT

- Sameroeper: Ben Meyer
- Lede: Neville Hoare, Roelf Venter, Gerhard Pretorius, Thinus Roos

ESTETIESE KOMITEE

- Voorsitter: Thinus Roos
- Lede: Dawie van Niekerk; Wynand Theron

MST:

INSTANDHOUDING-ADVIESKOMITEE

- Sameroeper: Dawie van Niekerk
- Lede: Johan Marx, Nellie Buitendach, Dries Schoeman.

DIREKSIE-ADVIESKOMITEE

- Sameroeper: Chris Schoeman
- Regsadviseurs: Chris vd Walt; André Barnard
- Lid: Willie Steenkamp



BELANGSTELLENDEN WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPER.